Volmaakte Verlossing

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr. B123b

Skriflesing uit 1 Kor.2:1-16

Kernvers: 14 ‘Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.’

Die vraag word baie gevra: ‘Is daar volkome oorwinning te midde van die stryd van hierdie lewe?’ Daar is so baie teleurstellings en onbeantwoorde vrae.

Ek wil u bemoedig en sê: ‘Ja! ‘n duisendmaal ja!’ Daar is oorwinning te midde van hierdie stryd – mits ons geestelike dinge beoordeel d.m.v. die Gees. Ons kan nie die dinge wat in die wêreld gebeur op natuurlike wyse probeer verklaar, of verstaan, of oorwin nie! Ons moet daarna kyk vanuit die Gees.

Mense is so gespanne en vol stryd van die lewe, want ons wil alles verstaan en wil eers sien voordat ons sal glo. God se weg is egter ‘n weg van teenstellings bv God sê: ‘Verloor jouself en jy sal jouself vind. Hy sê ook: wanneer jy swak is dan is jy sterk.’ Loof die Here!

Maar die natuurlike mens wil homself eers sterk maak sodat hy nooit in swakheid moet verval nie. Tog is dit juis daar waar hy dan misluk in sy pogings en homself totaal verloor.

Daarom is daar soveel mislukking in die lewe! Juis omdat mense in eie krag probeer alles regkry. Die antwoord is om jouself waarlik soos ‘n klein kindjie in die hande van Jesus te plaas.

Jesaja 1:5 sê die hoof is siek en daarom is ook die hele liggaam siek. Die wêreld probeer om God met sy wysheid te vind en daarom moes God die dwaasheid van die kruis gebruik om die wyse te beskaam.